education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## VRAESTEL 3: SKRYF

## NOVEMBER 2008

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings. Beantwoord EEN vraag in elke afdeling.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50 punte) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele tekste | (30 punte) |
| AFDELING C: | Transaksionele, naslaan- en informatiewe tekste | (20 punte) |

2. Nommer die vraag wat jy in elkeen van die afdelings kies, presies soos op die vraestel.


3. Die uiteensetting van jou skryfstukke is baie belangrik. Jy moet elke skryfstuk op 'n NUWE dubbelbladsy begin.

   3.1 Doen die beplanning/redigering (in potlood) op die linkerkantste bladsy.

   3.2 Skryf die finale produk (in pen) op die regterkantste bladsy.

**VOORBEELD:**

| **BEPLANNING** | **1.1 FINALE PRODUK** |
|---|---|
| (aan die linkerkant) | (aan die regterkant) |
| Jou beplanning/redigering KAN só lyk: | |




4. Voer die opdragte by elke vraag wat jy kies, noukeurig uit.

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

Kies EEN vraag en skryf 250 – 300 woorde oor die onderwerp.

1.1

## Van dáárdie oomblik/dag af het álles verander ...

Dink aan:

- Wat het álles vir jou laat verander? ’n Boek, ’n rolprent, ’n idee wat jy gekry het, ’n sonstraal ...
- Hoe het dit jou lewe verander?
- Hoe voel jy hieroor?

**[50]**

**OF**

1.2


**VRYHEID?** **Vryheid!**

**[50]**

**OF**

1.3

Arms is vir liefhê ...
nie vir seermaak nie.




[Uit: *Beeld*, 15 Desember 2007]

**[50]**

**OF**

1.4

**Gesonde water vir 'n gesonde nasie**



[Uit: *Tshwane-inligtingstuk*]

Pas ons waterbronne op – dit gee lewe aan mense, diere en plante!

Dink aan:

- Die waarde van ons waterbronne soos riviere en damme.
- Die besoedeling van ons waterbronne.
- Die belangrikheid van skoon, gesonde water.
- Baie mense mors water terwyl ander mense nie eers lopende water het nie.

**[50]**

**OF**

1.5

**Valentynsdag Moedersdag Vadersdag**

Is spesiale dae soos Valentynsdag, Moedersdag en Vadersdag regtig nodig of is dit net ŉ mors van geld? Hoe voel jy oor sulke dae? Gee jou opinie.


| | | |
|---|---|---|
| <br>**Wees my VALENTYN!**<br><br>**LIEFDE IN DIE LUG EN DROME VAN GELUK** | *Moedersdag*<br><br>Ma!<br><br>Daar is ŉ engel op aarde geplaas omdat ons Skepper nie altyd daar is nie ... | VADERSDAG<br><br>Pa is ...<br><br>ons steunpilaar ...<br>ons rots ...<br>ons anker ...!<br><br>Dankie, Pappa! |

**[50]**

**OF**

1.6 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf enige opstel daaroor. Gee vir jou skryfstuk 'n titel.

1.6.1



[Uit: *Weg,* September 2007]

**OF**

1.6.2



[Uit: *Weg,* September 2007]

**OF**

1.6.3



[Uit: *Weg*, Oktober 2004] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 2**

Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.

2.1

| **SITUASIE:** |
| --- |
| Julle het vir ŉ taak in Lewensoriëntering ŉ werksplek van julle keuse besoek. Daar het jy ŉ baie interessante en suksesvolle persoon ontmoet. Jy wou by hom/haar uitvind hoe hy/sy só ŉ sukses van sy/haar lewe gemaak het. |

Skryf ŉ dialoog tussen jou en die persoon wat so ŉ groot sukses van sy/haar lewe maak/gemaak het. **[30]**

**OF**

2.2 Stel 'n pamflet saam waarin jy vertel hoe om elektrisiteit te bespaar. Gee aandag aan hoe die individu, groot besighede en fabrieke elk op hulle eie maniere elektrisiteit kan bespaar. Gee aandag aan die uiteensetting van die inligting in jou pamflet. **[30]**

**OF**

2.3 Jy het die brief hieronder van jou ouers ontvang. Skryf 'n brief aan jou ouers waarin jy hulle antwoord.

> Ons liewe Bedorwe Brokkie
>
> Dit maak so seer dat ons verhouding met mekaar nie meer so goed is nie. Jy kom nooit by ons sit en gesels oor jou toekomsdrome of bekommernisse nie. Hoe moet ons weet waar ons jou kan help?
>
> Jy antwoord ons nooit as ons vra wat verkeerd is nie. Waarom is jy altyd rebels oor alles? Jy praat byna altyd terug en is soms sarkasties. Ons ontvang min liefde en respek van jou kant af.
>
> Ons was altyd so trots op jou. Jy was die middelpunt van ons lewens.
>
> Jou Hartseer Ouers

[Uit: *Huisgenoot*, 10 November 2005] **[30]**

**OF**

2.4




Jy is die hoofleier van julle skool. Skryf 'n toespraak wat jy voor jou matriekmaats gaan lewer om hulle te motiveer voor die eindeksamen begin. **[30]**


**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE

### VRAAG 3

Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.

3.1 **EK IS ’N MENS DEUR ANDER MENSE**




Skryf 10 wenke neer oor hoe jy die regering se idee van *ubuntu* in Suid-Afrika sal kan bevorder. **[20]**

**OF**

3.2 Een van die Idols kom hou ’n konsert by julle skool. Stel die advertensie vir die konsert saam. Gee aandag aan die uiteensetting van die inligting in jou advertensie.

Dink aan:


- Die rede waarom hierdie Idol ’n konsert by julle skool kom hou.
- Die dinge wat jy omtrent die persoon gaan adverteer sodat baie mense sal belangstel om te kom. **[20]**

**OF**

3.3

**TIENERS LEES NIE MEER NIE**

Die bekende digter, Vincent Oliphant, gaan julle skool besoek met die doel om lees te bevorder. Die mediasentrum beplan ’n poësie-aand met lekker eetgoed.



Skryf ’n formele uitnodigingskaartjie om ander skole in die omgewing na die poësie-aand uit te nooi. Jou uitnodigingskaartjie moet ’n kort paragrafie insluit oor die belangrikheid van lees.

Gee aandag aan die uiteensetting van die inligting in jou uitnodiging. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 100**